**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**HANDELSREG SG**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 300**

---

**INSTRUKSIES:**

- Vraag 1 is **verpligtend**.
- Beantwoord enige VYF vrae vanuit Vrae 2 tot 9.
- Moenie meer as SES vrae beantwoord nie. Indien jy meer beantwoord, sal slegs die eerste ses vrae nagesien word.
- Beplan die lengte van jou antwoorde volgens die puntetoekenning by elke vraag.
- Nommer elke vraag in ooreenstemming met die numeriekestelsel wat op die vraestel gebruik is.
- Maak asseblief seker dat jou antwoorde netjies en sistematies uiteengesit is.

---

**VRAAG 1**
**VERPLIGTEND**

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf die korrekte antwoord(e) langs die toepaslike vraagnommer neer.

1.1 Die _______ vennoot mag hom nie inmeng met die bestuur en beheer van die vennootskap nie, maar het wel reg op insae in die boeke.

1.2 Wanneer die hof ? boedel van ? vennootskap sekwestreer, sekwestreer hy terselfdertyd die boedel van elke lid van daardie vennootskap. Dit geld egter nie ten opsigte van ? _______ vennoot nie.

1.3 In die geval van _____ _____ sal die balju van die hof beslag lê op die eiendom van ? skuldenaar in uitvoering van ? hofuitspraak.

1.4 ? Borgskapkontrak word _______ opgestel.

1.5 Onstoflike regte word deur middel van _______ verpand.

1.6 ? _______ is ? beding waarvolgens die verhuurder die reg verkry om die huurkontrak te beëindig indien die huurder versuim om sy huurgeld op die vervaldatum te betaal.

1.7 In die geval van ? langtermyn-huurkontrak (10 jaar en langer), moet dit op _______ wees en dit moet _______ word.

1.8 ? ________ is ? persoon wat uit sy eie namens ? afwesige persoon optree met die doel om daardie persoon se sake of eiendom teen beskadiging te red.

1.9 Delegatus non potest delegare beteken dat die ________ 9x2=(18)

Skryf neer of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Indien die antwoord ONWAAR is, korrigeer die vetgedrukte deel van die stelling.

1.10 Om sowel die regte as pligte onder ? huurkontrak oor te plaas, is die toestemming van al **drie partye** nodig, d.w.s. van die verhuurder, huurder en nuwe huurder.

1.11 Indien die registrateur van maatskappye tevrede is dat aan al die vereistes voldoen is, sal die registrateur die maatskappy in sy register inskryf en ? **sertifikaat om sake te begin** aan die maatskappy uitreik.

1.12 Die **Samewerkingsooreenkoms** dien as die grondwet van die beslote korporasie.

1.13 Onmiddellik na uitreiking van die **aanstellingsbrief** moet die eksekuteur al die goed, boeke of dokumente van die oorledene in sy bewaring neem.

1.14 Regtens is alle persone van **14 jaar** of ouer, bevoeg om as getuie by die opstel van ? testament op te tree.

1.15 ? **Wederkerige testament** is ? testament wat deur twee of meer persone verly word, wat nie getroud hoef te wees nie. Die testament kan gewysig of verander word, sonder medewete van die ander party. (16)

Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die toepaslike letter langs die vraagnommer neer.

1.16 Watter een van die volgende voorbeelde is ? Beslote Korporasie?

A. Sanlam **Bpk**.
B. Johannesburg **(Edms.) Bpk**.
C. Myprodol **BK**
D. Andre & Natalie

1.17 ? Pandhouer verkry ? reg op die eiendom van die skuldenaar wat _______.

A. aan hom verkoop is
B. aan hom as sekuriteit gelewer is
C. die skuldenaar aan hom as geskenk gegee het
D. toevallig in die besit kom van die pandhouer

1.18 Watter dokument stipuleer die naam van die maatskappy?

A. Akte van oprigting
B. Statuut
C. Maatskappy-ooreenkoms
D. Prospektus

1.19 Die minimum en maksimum lede van ? private maatskappy, is _______.

A. 1 tot 10
B. 2 tot 20
C. 1 tot 50
D. 7 tot aantal aandele uitgereik 4x2=(8)

Omskryf kortliks die volgende terme:

1.20 Rehabilitasie

1.21 Insolvensie

1.22 Bevel nisi

1.23 Voorkeurskuldeisers 4x2=(8)
**[50]**

**VRAAG 2**
**BESLOTE KORPORASIE / DIE MAATSKAPPYWET**

2.1 Op welke beginsels berus die onderlinge verbintenis van lede van ? beslote korporasie? (10)

2.2 Noem enige VYF besonderhede wat in die stigtingsverklaring van ? beslote korporasie verlang word. (10)

2.3 Noem VIER kenmerke van ? publieke maatskappy. (8)

2.4 Noem VYF dokumente wat voorgelê word wanneer aansoek om registrasie van ? publieke maatskappy gedoen word. (10)

2.5 Bespreek hoe en onder watter omstandighede die naamsverandering van ? publieke maatskappy plaasvind. (6)

2.6 Noem SES besonderhede wat in ? lederegister van ? publieke maatskappy bevat moet word. (6)
**[50]**

**VRAAG 3**
**HUUR EN VERHUUR VAN ONROERENDE EIENDOM**

3.1 Noem VYF faktore wat die verhuurder en Huurraad in berekening sal bring by die vasstel van ? redelike huur. (10)

3.2 Verduidelik hoe die huurder van ? woonperseel deur die Huurwet teen uitsetting beskerm word. (4)

3.3 Noem VYF gevalle wanneer ? bevel teen die huurder tot uitsetting wel gegee kan word. (10)

3.4 Skryf kort aantekeninge oor die algemene regsreël van "huur gaat voor koop". (8)

3.5 Jy wil ? huurkontrak aangaan. Oor watter DRIE punte moet jy en die verhuurder definitief ooreenkom? (6)

3.6 Wat sal jou pligte as huurder wees, indien jy ? huis huur? (6)

3.7 Verduidelik watter maatreëls vir die huurder beskikbaar is waar die verhuurder sy waarborg teen inmenging nie nakom nie. (6)

**[50]**

## VRAAG 4
## PANDE EN VERBANDE / AGENTSKAPPE

4.1 Noem DRIE stilswyende verpandings wat ontstaan deur regswerking van die wet. (6)

4.2 Noem en bespreek TWEE spesiale klousules in ? verbandakte. (10)

4.3 Noem en bespreek VIER verskillende maniere waarop ? pand / verband beëindig kan word. (12)

4.4 Noem TWEE vereistes vir die ontstaan van ? agentskapskontrak deur estoppel. (4)

4.5 Noem kortliks VIER vereistes wat betrokke is by die agent se plig van goeie trou. (8)

4.6 Verduidelik die plig van die prinsipaal om die vergoeding aan sy agent te betaal. (10)

**[50]**

## VRAAG 5
## BORGSKAP / RETENSIEREG

5.1 Noem TWEE vorme van sekuriteite waarvan skuldeisers gebruik kan maak om hulself teen moontlike oninbare skulde te beskerm. (2)

5.2 Noem die formaliteite wat vereis word by die ontstaan van ? borgskapkontrak. (6)

5.3 Meld of die volgende ooreenkomste bindende borgkontrakte is. Gee redes vir jou antwoord.

5.3.1 Johan kom mondelings ooreen met die skuldeiser dat hy vir sy vriend borg sal staan vir ? skuld van R500,00.

5.3.2 ? Fasiliteerder staan borg vir die gedrag, eerlikheid en betroubaarheid van ? leerder.

5.3.3 Me. Appel staan volgens ? skriftelike ooreenkoms borg vir Mev. Peer vir haar skuld by BB Bank. Me. Appel is ? minderjarige. (8)

5.4 Wat is die borg se regte teenoor die skuldeiser van die hoofskuldenaar? Meld ook onder watter omstandighede die borg hom op hierdie regte mag beroep. (12)

5.5 Verduidelik die TWEE vereistes waaraan besit moet voldoen vir die bestaan van ? geldige retensiereg. (6)

5.6 Verduidelik die TWEE voorwaardes vir die bestaan van ? geldige verrykingsretensiereg. (6)

5.7 Bestudeer die volgende voorbeeld en beantwoord die vrae wat daarop volg:
Samona neem haar motor na Sipho vir reparasies. Hy herstel die motor teen ? koste van R800.00.

5.7.1 Watter soort retensiereg word in die voorbeeld uitgebeeld? (2)

5.7.2 Kan Sipho die motor hou totdat Samona hom betaal vir die reparasies? Motiveer jou antwoord. (4)

5.7.3 Noem TWEE voorwaardes vir die bestaan van die retensiereg soos genoem in Vraag 5.7.1. (4)

**[50]**

**VRAAG 6**
**VERHANDELBARE DOKUMENTE / INSOLVENSIE**

6.1 Noem DRIE partye wat by ? tjektransaksie betrokke is en sê wat elke party se funksie is. (6)

6.2 Noem TWEE maniere waarop kruisings van tjeks kan plaasvind. (2)

6.3 Verduidelik die verhouding tussen die bank en die kliënt volledig. (10)

6.4 Die hof moet op die keerdag van die bevel nisi weer eens verseker word van die drie feite waarop die voorlopige sekwestrasiebevel gegrond is. Noem hierdie DRIE feite. (6)

6.5 Die Insolvensiewet maak voorsiening vir dade van insolvensie, wat afdoende bewys van insolvensie is. Noem VYF van hierdie dade. (10)

6.6 Noem VYF pligte van die kurator van ? insolvente boedel. (10)

6.7 Kies die korrekte woord(e) uit die hakies in elke geval en skryf slegs die antwoorde langs die vraagnommer neer.

6.7.1 Die insolvente boedel word in twee groepe verdeel, naamlik vrye oorskot en (voorkeurskuldeisers / versekerde bates).

6.7.2 Die (vermoëstaat / lys van bates en laste) neem die vorm aan van ? balansstaat en toon ook die persoonlike gegewens van die insolvent aan.

6.7.3 Die (meester / kurator) tree op as voorsitter by alle byeenkomste van skuldeisers. (6)

**[50]**

## VRAAG 7
## VENNOOTSKAP / INSOLVENSIE

7.1 Verduidelik hoekom dit belangrik is dat vennote ? versekeringspolis uitneem en meld ook wie verantwoordelik is vir die betaling van die premie. (6)

7.2 Verduidelik die vennootskapsooreenkoms onder die volgende opskrifte:

7.2.1 Die ontstaan (6)

7.2.2 VYF aangeleenthede wat in die ooreenkoms uiteengesit kan word (5)

7.3 Verduidelik **wins maak is die oogmerk** as een van die grondvereistes van ? vennootskapsooreenkoms. (8)

7.4 Bespreek die uitwerking van ? sekwestrasiebevel op die eiendom van die solvente eggenote / eggenoot. (10)

7.5 Lys die volgorde waarin die vrye oorskot verdeel word. (10)

7.6 Voltooi die volgende formaliteite vir die kennisgewing van vrywillige boedeloorgawe:

7.6.1 Die skuldeiser moet ? kennisgewing van boedeloorgawe laat publiseer in die _______ en _______ waar hy woon.

7.6.2 Binne sewe dae na publikasie, moet hy ? afskrif van die kennisgewing aan elke _______ oorhandig of pos.

7.6.3 Die persoon moet by die _______ kantoor, twee eksemplare indien van ? _______ (5)

**[50]**

## VRAAG 8
## TESTAMENTE / MAATSKAPPYWET

8.1 Verduidelik **finale afsluiting** by die bereddering van bestorwe boedels. (10)

8.2 Voltooi die volgende sinne oor die aanstelling van die eksekuteur. Skryf die korrekte antwoord langs die toepaslike vraagnommer neer.

8.2.1 Die _______ benoem gewoonlik die eksekuteur.

8.2.2 Indien die eksekuteur regtens bevoeg is, word die aanstelling deur die meester bekragtig by wyse van die uitreiking van ? ________.

8.2.3 As ? eksekuteur nie benoem is nie, publiseer die meester ? kennisgewing in die ________. (6)

8.3 Noem VYF formaliteite wat nagekom moet word by die opstel van ? gewone testament. (10)

8.4 Noem VYF kenmerke waaraan ? maatskappy beperk deur garansie (Artikel 21 – maatskappy) onderworpe is. (10)

8.5 Verduidelik die faktore wat in ag geneem moet word by die wysiging of aanvulling van die statuut. (6)

8.6 Noem VIER verskille tussen ? maatskappy en ? natuurlike persoon. (8)

**[50]**

## VRAAG 9
## ALGEMEEN

Lees die advertensie sorgvuldig deur en beantwoord die vrae wat volg:

**KAISER CHIEFS AFSLAERS Edms (Bpk.)**

In opdrag van die likwidateur van Health and Racquet BK (in likwidasie).
Insolvente boedel van Fatima.
Publieke veiling sonder reserwe word die volgende verkoop:
Fietse, trapmeulens, nuwe en gebruikte rekenaartoerusting, kantoor- en huishoudelike meubels.

Op: Vrydag 1 November 2005, op ons perseel nommer 52, Roodepoort.

Terme: R2 100 (terugbetaalbaar) deposito by registrasie, balans kontant of bankgewaarborgde tjek by by sluit van verkope. Verkope geskied voetstoots.

9.1 Wat is die primêre rede vir hierdie likwidasieveiling? (4)

9.2 Verduidelik die begrip **likwidasie**. (4)

9.3 Wie se bates word op die veiling verkoop? (2)

9.4 Word die roerende bates verteenwoordig met ? waarborg: Motiveer jou antwoord. (4)

9.5 Definieer die rol van die afslaer. (4)

9.6 Verduidelik die tipe eienaarskap in elk van die volgende ondernemingsvorme:

9.6.1 Die afslaers
9.6.2 Health and Racquet (4)

9.7 Wat word bedoel, met die woorde “sonder reserwe”? (2)

9.8 Verduidelik kortliks die prosedure indien die prinsipaal ? reserweprys vasgestel het. (4)

9.9 Is kredietverkope aanvaarbaar op hierdie veiling? Motiveer. (4)

9.10 Jy het ? verandering op die tjek aangebring. Sal die afslaers die tjek aanvaar? Motiveer jou antwoord. (4)

9.11 Die afslaers het ? retensiereg vir hulle kommissie. Waarop is die retensiereg? Noem ook die soort retensiereg. (4)

9.12 Jy (neem aan jy is ouer as 21) het borg geteken vir Fatima. Is jy nou aanspreeklik vir haar skuld by die bank? Motiveer jou antwoord. (4)

9.13 Verduidelik die plig van die agent (afslaer) om die opdrag in eie persoon uit te voer. (6)

**[50]**

**TOTAAL: 300**

**EINDE**